This page was exported from - Somerstrand Gemeente
Export date: Tue Apr 13 19:54:34 2021 / +0000 GMT

Dag 3 - Wie ek is - 21/10/09

Lees weer Rigters 5:1-11a

Goeie leiers maak reg wat verkeerd is. Groot leiers maak reg wat (nog) nie verkeerd is (in die oë van ander) nie. Israel se probleem was nie net te wyte aan politiese onderdrukking en militêre gebreke nie. Dit was veral omdat hulle ander gode gekies het. Debora het dus nie net 'n fisiese oorlog gevoer nie, maar ook 'n geestelike een. Deur God se wil vir die volk uit te lê met haar profesieë en regspraak, en hulle weer in voeling te bring met die God wat sy beloftes kan waar maak, het sy Israel ook geestelik herstel. Daarom kon daar hierna 40 jaar lank vrede heers. **Watter geestelike nood moet aandag kry in jou lewe en jou mense s'n?**